

Skriflesing: Jesaja 66; 1 Timotheus 6:1-10

Teks: **Jesaja 66:2,5 1 Tim 6: 3-4**

Nederlandse Geloofsbelijdenis: Arts 4-6

Sing- Ps. 33:5; Ps. 96:3; Sb.34:1 (2-2:1) -Beryming Jes. 45:5-11

Jesaja 66:1-24

Isa 66:1 So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete.

Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?

Isa 66:2 Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en **wat bewe vir my woord.**

Isa 66:3 Wie 'n bees as offer slag, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysoffer bring—dit is varkbloed; wie wierook as gedenkoffer bring, is soos hy wat 'n afgod prys. Soos hulle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels,

Isa 66:4 so sal Ek ook hulle ongeluk verkies en wat hulle met skrik vervul, oor hulle laat kom; omdat Ek geroep en niemand geantwoord het nie, Ek gespreek en hulle nie gehoor het nie; maar hulle het gedoen wat verkeerd is in my oë, en verkies wat My nie behaag nie.

Isa 66:5 **Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewe!** Julle broers, julle haters wat julle verstoot om my Naam ontwil, sê: Laat die HERE heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!

Isa 66:6 Hoor—'n rumoer uit die stad! Hoor—uit die tempel! Hoor—dit is die HERE wat sy vyande hulle dae vergeld!

Isa 66:7 Voordat sy weë gekry het, het sy gebaar; voordat smart oor haar gekom het, is sy van 'n seuntjie verlos.

Isa 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.

Isa 66:9 Sou Ek naby die geboorte bring en nie laat baar nie? sê die HERE. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou God.

Isa 66:10 Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het!

Isa 66:11 sodat julle kan suig en versadig word aan die bors van haar vertroostinge; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die oorfloed van haar heerlikheid.

Isa 66:12 Want so sê die HERE: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.

Isa 66:13 Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.

Isa 66:14 En julle sal dit sien, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal die hand van die HERE bekend word aan sy knegte, en Hy sal op sy vyande grimmig wees.

Isa 66:15 Want kyk, die HERE sal kom in vuur, en sy waens soos 'n stormwind, om in hittigheid sy toorn te openbaar en in vuurvlamme sy dreiging.

Isa 66:16 Want met vuur en met sy swaard sal die HERE strafgerig hou oor alle vlees, en hulle wat deur die HERE verslaan is, sal baie wees.

Isa 66:17 Die wat hulleself heilig en hulleself reinig vir die tuine, terwyl hulle die een nadoen wat in die middel staan; wat varkveis eet en verfoeisels en muise—almal saam sal hulle tot niet raak, spreek die HERE.

Isa 66:18 Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlikheid sien.

Isa 66:19 En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my

tyding nie gehoor en my heerlikheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig.

Isa 66:20 En hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE, op perde en op waens en in draagstoel en op muilesels en op kamele na my heilige berg, na Jerusalem, sê die HERE, net soos die kinders van Israel die spysoffer in 'n rein voorwerp bring na die huis van die HERE.

Isa 66:21 En ook sal Ek uit hulle priesters en Leviëte neem, spreek die HERE.

Isa 66:22 Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

Isa 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

Isa 66:24 En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslig wees vir alle vlees.

1 Timotheus 6:1-10

1Ti 6:1 Almal wat diensknegte is onder 'n juk, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie.

1Ti 6:2 En die wat gelowige here het, moet hulle nie verag omdat hulle broeders is nie, maar moet hulle des te meer dien, omdat hulle wat die weldade ontvang, gelowiges en geliefdes is. Leer hierdie dinge en wek daartoe op.

1Ti 6:3 As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,

1Ti 6:4 dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,

1Ti 6:5 nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.

1Ti 6:6 Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins.

1Ti 6:7 Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie.

1Ti 6:8 Maar as ons voedsel en kleren het, moet ons daarmee vergenoeg wees.

1Ti 6:9 Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.

1Ti 6:10 Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikels 4 - 6

Artikel 4: Die Kanonieke boeke van die Heilige Skrif

Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg:

Die boeke van die Ou Testament, nl. die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium, die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke (genoem Paralipomenon), Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied; die vier groot profete: Jesaja, Jeremia, Esegieël en Daniël; en vervolgens die twaalf klein profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi;

die boeke van die Nuwe Testament, nl.: die vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handeling van die apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus: aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en die Openbaring van die apostel Johannes.

Artikel 5: Die gesag van die Heilige Skrif

Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat

hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Artikel 6: Onderskeid tussen die Kanonieke en Apokriewe boeke

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en van die Draak, die Gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

Skriflesing: Jesaja 66; 1 Timotheus 6:1-10

Teks: **Jesaja 66:2,5 1 Tim 6: 3-4**

Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikels 4-6

Sing- Ps. 33:5; Ps. 96:3; Sb.34:1 (2-2:1) -Beryming Jes. 45:5-11

Ons word in die gedeelte van die Nederlandse Geloofsbelydenis meegevoer met wat die

Woord van die Here is en wat die Woord van die Here vir ons beteken. Broeder en suster, in die eerste paar artikels het ons begin, in die besef dat God is 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is (Art 1). God wat **enig is, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig en goed**, alles deel van 'n fontein wat die water nie uitgeput kan raak nie. So diep so vars, dit is eenvoudig net nog mooier en nog groter as wat ons kan dink.

Maar die God maak Hom bekend. Art 2 laat die fontein oorgaan na groter as net die natuur.

Ja, God kan uit sy fontein werke, dit wat ons in die skepping kan sien en hoor, die majestueuse berge, in die mooiste voëlgesange, daarin het die fontein al 'n boek begin word... want het ons bely dat **alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien...** Klein lettertjies, grootletters met groot kragte en besondere heerlikheid wat ons God se ewige krag, sy goddelikheid laat sien, wat al genoegsaam is, maar wat nie noodwendig genoeg is nie. Alle skepsels of hulle dit wil weet of nie is deel van die letter-geskrif... groot en klein

Daarom word die boekie met die letters in art 2 na ander letters oorgeskuif. Dit gaan wel nog wéér om letters, maar baie meer as net letters, dit gaan nou om God se Woord. Die laaste, die vol gemaakte, die geïnspireerde Woord van God. Die groot middel **waardeur God Hom nog duideliker, nog meer volkome aan ons bekendmaak.** Dit gee ons kennis en insig, al gee dit ons nie alles nie, maar wat nodig is, staan geskrywe. Hierdie lewe wat ons

nou in is, ons het God se Woord nodig want God maak Homself in sy Woord bekend, Hy moet geëer word, Hy wil ons verlos. Dit is die saamgepakte art 2.

Dit wat ons God se Woord noem, die Bybel waaruit ons God met ons hoor praat. Dit gaan oor hulle wat aan God behoort. Die einde van art 2, maar daar eindig dit nie. Dit is wel gewone mense wat gewone woorde geskryf het, maar hulle gewone woorde is toe nie so gewoon nie. Dit is terselfdertyd God se Woord wat nie deur gewoontes van mense geskryf en bepaal kan word nie, **nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek..**

Art 3 gee die letters van God die asem van God. Iets wat geïnspireer is dra goddelike asem, soos wat ons iets daarvan ook by die skepping van die mens lees, God het sy asem die mens ingeblaas. Sy Woord dra nie 'n asem anders as wat God daarvoor laat kom het nie, hierdie is sy lewende Woord, wat in Christus geskryf staan, wat in Christus lewe, want Hy is die Woord van God. Joh.1: *1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God. 3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. 4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.*

Die ontstaan van die geskrewe woord kan nie vir 'n oomblik los staan van Hom deur Wie alles ontstaan het nie. As daar sonder Hom (Christus) nie een ding is wat kon ontstaan wat ontstaan het nie, dan is die ontstaan van God se Woord bó al die ontstaande dinge. Daar kan niks belangriker wees as die ontstaan van God se Woord nie, dit wat ons as geskrewe Woord van God lees, want hierin lewe Christus en sy lewe is ons lig. In hierdie lig sien ons die lig. Die fontein van Art 1 en die lig van Joh. 1 word al groter. Dit bring Psalm 36 ook vir ons bymekaar- *Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.*

Art 4, art 5, art 6... die deel wat ons vandag uit die Nederlandse Geloofsbelydenis uitgehaal het, dit vloei al sterker en helderder, want hoor ons in art 5 die name van al God se boeke. Die Bybel is eintlik biblia, dit is baie boeke, boeke van God, 66 van hulle, name van mense is in baie van die boeke, in die meeste gevalle dra die name van die boeke, mens name, maar ook die geskiedenis van mense, die geskiedenis van gebeure, die impak van mense, die impak van gebeure, niks is daar in God se Woord wat nie met God te doen het nie. Alles het met God te doen. Al is daar selfs 'n Bybelboek Ester waar God se naam nie eers 'n enkele keer in

die hele boek voorkom nie en tog is dit God se boek, God se pad, God se Woord, God praat al noem Hy nie sy Naam nie.

Dit gaan om die feit dat die boeke kanoniek is, waar die woord kanoniek dui op iets wat gemeet is. Kanon is die uitdrukking vir 'n maatstaf, dink aan 'n liniaal, hierdie kanon meet jou lewe. As daar in Gal 6:16 staan- *En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël*, dan is die Grieks vir hierdie reël die woord - κανόνι... (*kanoni*) wat duidelik dui op die begrip kanon. Ja, die Grieks rondom *kanon* raak eintlik dieper want dui die woord op 'n reguit riet, wat dan nou gebruik word om te meet, maar dit kan ook dui op 'n swaard of 'n spies wat reguit is. Dit stel 'n standaard, maar meer nog dit was baie keer 'n ronde reguit hout om iets wat nie reguit is nie daaraan vas te maak dat dit reguit kan word. Ook Fil. 3:16 praat in die Grieks van 'n kanon.... *laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees*. Hierin word ons weer gebring tot die reël, die kanon wat wil meet, ons word gemeet in die volle mate van eensgesindheid. Hoe belangrik is dit nie vir die Here nie. Ons moet eensgesind wees rondom dit wat sy Woord is. 2 Kor. 10:16 gebruik ook die woord *kanon* (of dan nou *kanoni*...). Hier staan die woord vertaal as *werkkring*, maar meer letterlik vertaal ons moet nie in ander se reël oortree in wat reeds bereik is nie. Dit wat ander mense gedoen het, hierdie reël wat hulle bereik het, ons moet nie daarin wil roem nie.

Ons roem moet altyd in die Here wees, in sy Woord. Daarom dat art 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis ons ook uit Jesaja en 1 Timotheus laat lees het. Timotheus en Titus kan ons maar sê is twee briewe wat in besonder aan dominees van daardie tyd gerig was. Paulus skryf aan hierdie twee jongmanne wat by hom geleer het, Timotheus in Efese, Titus in Kreta en hulle moet besef dat God se Woord gesonde woorde is. Hierdie uitdrukking *gesonde woorde*... kom dikwels (sommige sê 6X) in Timotheus en Titus voor. Dit gaan vir Paulus om die gesonde woorde (*γιαίνω* hugiaino logos) Dit is Jesus Christus wat ons sy gesonde woorde gegee het. Die woord vir gesond lê ook in die woordveld van daar is krag daarin, dit is sterk, dit is potent, daar is dinamika, stamina, energie in opgesluit.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis bring dit alles saam om ons die gesag van God se Woord te laat bely... **om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig**. Hierdie werkwoorde in die Nederlandse Geloofsbelydenis bevat eintlik weer die kanon-

gedagte, hier is 'n liniaal, 'n bepaalde reël, betroubaar, afgemeet, dit maak dinge reguit en duidelik. Dit is vas en gevestig... Dit alles want God se Woord het nie kerklike gesag nie, maar goddelike gesag. Die kerk moet buig saam met elke kind van God wat moet buig. Dit is duidelik God het vir ons sy Woord gegee. Wie na die Woord van God gaan, is om God met jou te laat praat. Al wat die Kerk in die hele proses van oor baie eeue rondom God se Woord kon doen, is om met sy Kerk ook in die gee van sy Woord saam te gaan.

Soos wat God met sy Woord saamgaan so gaan Hy ook met sy Kerk saam. Die Kerk het in die ontvangs van God se Woord maar net kon aanvaar wat God gegee het. Eers die Ou Testament wat God in die bewussyn van sy kinders gelê het. Ná Esra het die Here dit so bewerk dat daar spoedig 'n lys van die Ou-Testamentiese boeke saamgestel kon word waarvoor daar ook gou eenstemmigheid was. Dit maak dat die Ou Testament nooit as minderwaardig teen die Nuwe Testament gesien mag word nie. Tog het juis die Ou Testament geroep om vervulling. Ons kan sê die Ou Testament vra as't ware self vir 'n Nuwe Testament.

Die verhouding tussen Ou- en Nuwe Testament kan ons maar altyd vir onself so voorstel dat wie met waardevolle plante werk weet die bol van die plant is net so werd soos om later by die blom uit te kom. Die Ou Testament is die bol waaruit later die blom van die Nuwe Testament uitspruit. Christus het Self die Ou Testament as Woord van God aanvaar- so aanvaar Jesus die historiese betroubaarheid van Jona, maar Christus het méér gedoen. Hy het ook gespreek in wat die apostels geskrywe het en deur dié wat in Hom geglo het. So het God sy Kerk stukkie vir stukkie, ons kan ook sê dat God het organies gewerk, organies gelei, ook toe dit gaan om die ontvangs van die Nuwe Testament. God het nie net die skryf van sy Woord gelei nie maar sou ook sorg dat sy Kerk sy Woord vasstel.

Die sinodes het eintlik maar net gekonstateer wat reeds duidelik was. Dit wat God in die bewussyn van sy kerke gelê het, het wel nie sonder stryd verloop nie, want die Kerk op aarde is altyd ook strydende Kerk maar dit is heel duidelik dit is nie kerke wat enige Bybelboek se gesag vasgestel het nie, nee dit lê in God Self, dit lê van ewigheid af in die raad van God. Sy raadsplan het werklik die Kanon bevat, waar God se Raad oor baie dinge gaan, maar dit gaan ook in besonder oor God se eie Woord. God sou op 'n besondere manier vir sy Woord sorg. Niks hiervan het toevallig gebeur of dat God maar sy Woord in die hande van mense

oorgegee het nie. Nee, alles het gebeur soos wat God se wil is en soos wat Hy dit wil gehad het.

Ons beseft deurentyd, of dit Ou Testament of Nuwe Testament is, die Heilige Gees, Hy wat God is, Hy praat, Hy is deel van wat God se Woord is. Hy praat met ons want God praat met ons. Ons belydenis stel dat **die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle** (m.a.w. die Bybelse boeke) **van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.** So onderskryf die belydenis nie net die gesag van God se Woord nie, maar ook die betroubaarheid hiervan. Dinge wat hierin geprofeteer word, want dit gaan om baie meer as net voorspellings, dit staan uit dat die Woord betroubaar en gesagvol is.

Jesaja laat ons dit in die Ou Testament in die laaste hoofstuk van die profesie duidelik hoor, dat vir God se Woord moet daar ontsag wees. So kan dit ook vertaal word... as die Here in vers 2 sê : *Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.* Die meer letterlike vertaling is, ons moet bewe voor God se Woord. Ook Jesaja 66:5 staan dit weer... *Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewes!...* Jesaja 66 is eintlik soos 'n wissel tussen God wat sal oordeel maar God sal ook verlos. In die eerste 6 verse staan God se oordeel, waar mense kamtig offers bring maar hulle bring ook menseoffers, breek honde se nekke, offer ook die honde, hulle is beplek met vark bloed, hulle volg hulle eie gedagtes. Verskriklik die mens wat nie die gesag van God se Woord wil aanvaar nie.

Ons dink aan die mense, ja selfs met die Hervormde sinode wat ek aan die einde van verlede maand moes bywoon kom ons gou agter die verskil tussen tekskritiek en Skrifkritiek is groot. Altyd moet tekskritiek nog gedoen word, dit is waarom vertalings nooit die laaste een ooit sal kan verskyn nie, daarvoor is taal en geskiedenis net te ryk en te waardevol om te dink dat 'n enkele geslag dit kan behandel en afhandel. Dit sal 'n verwaande geslag wees wat dit dink! Skrifkritiek werk egter vyandig met die Woord.

Al sal baie vir jou sê dat hoe ons met die Bybel werk en met die Bybel omgaan en dit wat ons vandag hier bely is onwetenskaplik, laat dit dan nou maar in menseoë onwetenskaplik wees, maar vanuit ons belydenis doen ons tekskritiek, tekskritiek moet 'n goddelike roeping wees, wat heeltemal anders is as Skrifkritiek. Skrifkritiek is waar mense hulle eintlik aan die gesag

van die Woord onttrek. Hulle bewe nie meer voor God se Woord nie, dit is nie meer vir hulle die gesonde Woord van God nie. Ons moet ons aan die Woord van God onderwerp. Ons moet bewe voor die Woord. Wie dit nie doen nie, is niks beter as die honde nek brekers en varkslagters nie.

Waar Skrifkritiek die inhoud van God se Woord kritiseer gaan tekskritiek net om die wetenskap wat die verskillende tekste wat daar wel is, (o.a. codex sinaiticus-ontdek in die 4de eeu deur C Tischendorf in 'n klooster by Sinai, codex vaticanus- ook uit die 4de eeu, codex alexandrines- kom uit die 5de/ 6de eeu. ... daar is nog meer, wat in verhouding en verband met mekaar geplaas moet word, omdat dit in verskillende handskrifte en verskillende tye lê en deur baie (meestal monnike) oorgeskrywe was, is dit 'n proses sonder einde om die naaste aan die suiwere outentieke teks te kom wat in verskillende handskrifte lê.

Dit sou darem soveel makliker en beter gewees het as ons die handskrifte van die apostels nog self kon gehad het wat eiehandig deur hulleself geskrywe was, maar daarvan het ons niks nie. En soos baie mense (monnike) geskryf het so het baie ook skryffoute gemaak wat beteken nou moet verskillende hande en handskrifte oor dieselfde teks met mekaar vergelyk word om dan te probeer kom by wat die oorspronklike teks was. Mense maak maklik en baie foute en niks hiervan is in die mense sy skryfwerk uitgesluit nie. Ons sou hieroor nog baie kon praat.

Ook oor vertalings. Die oudste vertaling van die Ou Testament is die Septuagint, wat al in die 3de eeu vóór Christus gedoen is, 'n vertaling uit Hebreeus na Grieks dit deur Joodse geleerdes wat Hebreeus ken, maar ook Grieks en is die vertaling juis vir die Jode in die verstrooiing gegee, maar kon ook die heidene nou die Bybel lees. Vir die proseliet was die Septuagint van onskatbare waarde. Ons kan ook dink aan ander ou Vertalings, die Vulgata, kom uit 380nC, die Latynse vertaling van die Bybel, die Statenvertaling wat in 1637 tot stand gekom het, spesiaal in opdrag van die sinode van Dordrecht, 18 jaar tevore, 18 jaar om die Bybel te vertaal is nie lank nie... dit is ontsaglike groot werk wat met die grootste moeite gedoen moet word, waar die hele wetenskap van tekskritiek weer ter sprake kom as iemand werklik sy roeping voor die Here besef.

Wanneer ons die goddelike gesag van die heilige Skrif bely, sal hom/haar gedurig oor die gesagsvraag moet beantwoord. Daardie ontsag wat ons vir God moet hê. Buig en bewe voor

Hom. Dit gaan nie om mense nie, maar om die Here as dit om sy Woord gaan, in besonder as dit gaan om die Woord wat in Christus vlees geword het en ons dit op skrif ontvang het.

Gesag beteken letterlik *te zeggen hebben...* om te sê ... God het werklik alles te sê oor almal en alles. Wie dit erken, erken God se gesag. Die gesag moet eenvoudig aanvaar word, want hoe moeilik en hoe vindingryk ons mense ook al mag wees om ons van die gesag van die Woord te wil onttrek, van God kan niemand wegvlug nie. Dit het Jona vinnig moes uitvind.


Al wat die kerklike gesag kan doen, is om bedienende gesag te wees, daardie bediening wat aan die goddelike gesag van die Woord moet geskied. Daarom is biddende lees en biddende ondersoek van die Woord op geen wyse onderhandelbaar nie, want hierin kan net God ons help, net God alleen. Dit wat die Heilige Gees in die harte van die gelowiges moet doen.

Art 6 kan ons kort wees. Niks van dit alles wat ons oor die kanonieke boeke gesê het, kan op die apokriewe boeke toegepas word nie. Niks hiervan is deur God geïnspireerd nie. Daar is ook nie aanhalings in die Nuwe Testament uit die apokriewe boeke nie, alhoewel die Nuwe Testament baie uit die kanonieke boeke aanhaal. Die naam apokrief sê alreeds hier is iets twyfelagtig, iets wat nie werklik vertrou kan word nie, dit laat mens net meer in die duister. Dit kan glad nie op een lyn met die kanonieke boeke geplaas word nie. Al wat dit iets kan beteken is as dit ook maar net op 'n swakke manier bevestig dit wat reeds in die Kanon op 'n sterke manier geskryf staan. Dis al! Wees daarom altyd uiters versigtig in die hantering van die apokriewe want hoe baie daarvan nie vertrou kan word nie, is baie groot.

Tog kan ons positief afsluit deur vandag in verwondering en dankbaarheid Petrus weer aan te haal soos met die vorige preek uit die Nederlandse Geloofsbelydenis dat ... *ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn* (2 Pet. 1:19). Net so duidelik is die laaste verse van die Romeine –brief-16:25-27 **25** *Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, 26* *maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof* **27** *aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.* Ons mag dit ook sê !

AMEN

Artikel 4 Die Kanonieke Boeke van die Heilige Skrif



Artikel 5 Die gesag van die Heilige Skrif

